Verwysing: 20190506-4350
Lêerno.: 12/2/11/6/4
Navrae: SMM Rampou

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0011/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone skole met graad 9- tot 11-klasse

Onderwerp: Beroep op skole met graad 9- tot 11-leerders om vir die 2019 Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (*SAASTA*) se Nasionale Debatkompetisie vir Skole in te skryf

1. Die Nasionale Debatkompetisie vir Skole is 'n projek wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir die Bevordering van Wetenskap en Tegnologie (*SAASTA*) geborg word. Die kerndoelwitte van die debatkompetisie is om:
   - graad 9- tot 11-leerders aan te moedig om wetenskaplike kwessies wat in hul gemeenskappe, provinsiaal en nasionaal ervaar word, te ondersoek en te bespreek hoe wetenskap en tegnologie hierdie probleme kan oplos, al dan nie;
   - wetenskaplike inligting op 'n prettige en interaktiewe wyse aan hoërskoolleerders oor te dra om belangstelling daarin te prikkel; en
   - wetenskap-, ingenieurswese- en tegnologie-verwante loopbane onder leerders in Suid-Afrika te bevorder, sodat hulle aangemoedig word om loopbane in hierdie terreine te volg.

2. Die kompetisie is oopgestel vir alle leerders wat wetenskapverwante vakke in alle kwintiel 1, 2, 3 en 4 sekondêre skole/hoërskole in graad 9 tot 11 neem en wat:
   - belangstel om hul wetenskaplike navorsing en inligtingsgeletterdheid-vaardighede te ontwikkel;
   - kritiese denkers is; en
   - bereid is om as 'n span saam te werk om logiese en helder argumente aan te voer.

3. Die samestelling van die *SAASTA* Nasionale Debatkompetisie vir Skole is nie gebaseer op stelling/teenstelling-aanbiedinge nie, maar laat debatteerders toe om met mekaar te beraadslaag en gesamentlik na 'n oplossing te soek. Een van die interessantste eienskappe van hierdie debat is die mini-imbizos waar leerders met mekaar kan skakel deur idees uit te ruil in wegbreekgesprekke en deur sosiale media te gebruik.

4. Om vir hierdie kompetisie in te skryf, moet skole:
   - vyf leerders van graad 9 tot 11 identifiseer om 'n span te vorm om die skool in die debatkompetisie te verteenwoordig;
   - 'n mentor (onderwyser) identifiseer om die leerders op te lei/af te rig; en
   - die voltooide inskrywingsvorm per e-pos na debates@saasta.ac.za stuur (die inskrywingsvorm is as Bylae A aangeheg).

5. Skole wat vir die kompetisie ingeskryf het, sal genooi word om aan die vaardigheidsoordragwerksessie deel te neem wat op Saterdag, 03 Augustus 2019, deur *SAASTA* aangebied sal word om:
   - leerders met kommunikasievaardighede toe te rus;
   - hul selfvertroue te gee om hulle idees aan te bied; en
   - belangstelling onder leerders te wek om te studeer vir loopbane in wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) deur navorsing oor hoëvlakonderwerpe te doen en daaroor te debatteer.

6. Daar word van die ingeskrewe spanne verwag om 'n openingspraatjie en 'n afsluitingsargument van twee minute elk te lewer oor die onderwerp wat op Saterdag, 03 Augustus 2019, by die provinsiale werksessie aangebied sal word. Opleidings- en debathandleidings sal by hierdie werksessie beskikbaar gestel word.

7. Die top tien skole wat tydens hierdie opleidingsessie geïdentifiseer word, sal dan op Saterdag, 31 Augustus 2019, aan die provinsiale debatkompetisie deelneem waar die spanne teen mekaar sal meeding. Hierdie kompetisie word deur 'n provinsiale beoordelaarspaneel beoordeel.

8. Vir verdere inligting, word skole aangeraai om die *SAASTA*-webwerf by **www.saasta.ac.za** te besoek.

9. **Die sperdatum vir inskrywings is Donderdag, 30 Mei 2019, om middernag.**

10. Die skool wat die provinsiale top tien-debatkompetisie wen, sal op Woensdag, 25 September 2019, die provinsie by die nasionale eindronde verteenwoordig.

11. Dit is dringend noodsaaklik om aanleg vir wetenskap in ons skole te erken, te koester en aan te moedig is.

12. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement moedig skole aan om begeesterde Wetenskap-leerders in graad 9 tot 11 vir die 2019 Nasionale Debatkompetisie vir Skole in te skryf.

13. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeellede te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-05-16

SAASTA National Schools Debates: Entry 2019



PROVINCE	
School name	
School physical address	
School postal address	
District	Quintile
Telephone number	Fax number
Email address	

TEACHER (This will be the competition's contact for the duration of the year.)	PERSPECTIVE (choose one for workshop)
Name	Application and benefit
Cellphone number	Economic
Email address	Socio-cultural
Preferred method of communication	Political
	More information about perspectives can be found at www.saasta.ac.za/competitions/national-schools-debates/

DECLARATION

I, the undersigned, _____ , hereby confirm that I am the educator responsible for the team that will represent our school in the **2019** SAASTA National Schools Debates Competition, and that all the information provided is correct. I also agree to abide by the rules and conditions of the SAASTA National Schools Debates Competition.

Signed: _____

Date: _____

SCHOOL STAMP